



Doendinge vir Afrikaans

Nuusbrief van die Vriende van Afrikaans
Jaargang 14, Nommer 3, September 2010

Doendinge vir Afrikaans
NUUSBRIEF
Amanda de Stadler
Redakteur
Phia van der Westhuizen
Administrasie
Nolte Smit
Medewerker
Milano Drukkers
Bladuitleg en drukwerk

Kantoor sake

Kontakpersone: Baie dankie aan al die kontakpersone wat elke kwartaal 'n pakkie *DOENDINGE VIR AFRIKAANS* ontvang en dit dan met 'n huppel in die stap, en 'n breë glimlag om die mondhoeke versprei. Dit maak nie saak of jy dit by 'n vriend of vriendin gaan afgee en of jy dit in 'n spreekkamer laat of in die biblioteek plaas nie, jy help die Vriende van Afrikaans om hulle werk bekend te stel. Ons skuld julle! (As daar nog vrywilligers is, laat weet ons asseblief.)

Mnr Daan Botha is ons nuutste vrywilliger: Hy skryf: "Ons is 'n groep bejaardes wat maandeliks bymekaar kom en as't ware mekaar op die hande dra. Tydens ons vergadering op 10 Augustus is van die nuusbriewe gesirkuleer en het baie belangstelling en waardering uitgelok. Ek sal graag *Doendinge* ontvang en uitdeel."

Boekwurms: Baie dankie aan hierdie boekeklub op Stellenbosch wat weer 'n lekker bedraggie vir ons boekeprojek geskenk het. Julle is sterre!

Boeke: Dankie ook aan almal wat nuttige boeke hier kom aflewer wat ons weer verder versprei. Ons samel nou ook storieboeke in vir drie leessentrums wat deur Pansat in Langa, Danone en Eersterivier begin is. Veral ouer mense in hierdie gebiede het gevra vir Afrikaanse boeke om te lees.

Beplanningsvergadering: Op 25 November 2010 het ons ons jaarlikse beplanningsvergadering hier by Banghoekweg 115 om 09:30. Enigiemand wat wil saamdink en raadgee oor ons aktiwiteite vir 2011 is welkom.

vervolg op bl 2

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:

Banghoekweg 115, Stellenbosch
7600

Posadres:

Posbus 3256, MATIELAND 7602

Telefoon:

021-808 3744 / 3745

Faksnommer:

086 617 1287

E-posadres:

vvafr@sun.ac.za

Webtuiste:

www.vriendevanafrikaans.co.za

Bank: NEDBANK,
Stellenbosch

Rekeningnaam: Vriende van
Afrikaans

Rekeningnommer: 1071 318 578

Takkode: 10-71-10

Nie-winsgewende organisasie
042-640-NPO

Lees Binne:

- Vespers van Rachmaninof - in Afrikaans!
- Vrye Afrikaanse Universiteit
- Eugène Marais Kampus in die Paarl

Posbushernuwingskennisgewing:

Volgens mnr Mike Olien sal almal wat deur die VVA gevra het vir 'n Afrikaanse vorm, weer vanjaar 'n Afrikaanse en Engelse vorm ontvang. Gebruik asb die Afrikaanse vorm.

Wordsworth Tuinesentrum: Baie dankie aan Nixie wat verantwoordelik is vir Afrikaanse resensies in hulle e-nuusbrief. Nixie beveel **Afstande** - Dan Sleigh (R277), **Die Grysland Verblyf** - Jaco Fouché (R152), **Die Trol** - Julia Donaldson (R117), **Koning van Katoren** - Jan Terlouw (R142) en vertaal deur Daniel Hugo hierdie maand aan.

Taalaksie: Hier moet ons vir Nolte Smit, ons notulerende sekretaris, argivaris en voorsitter van ons Taalaksiegroep (dis nou vrywilligers wat kla oor en dankie sê vir Afrikaans) uit ons harte bedank vir sy onblusbare energie en entoesiasme waarmee hy sy take aanpak. Hy skryf gereeld namens lede om instansies te bedank vir hulle houding jeens Afrikaans, of om hulle "ligweg aan te maan" wanneer hulle die regte van Afrikaanssprekendes minag. Hy het onlangs die **Nasionale Osteoporose Stigting van Suid-Afrika** as volg bedank vir hulle Afrikaanse pamflette wat in hospitale beskikbaar is: *As iemand wat lief is vir Afrikaans, wil ek namens ons organisasie vir u gelukwens met die pragtige, "gespiede" gebruik van Afrikaans. Dis wonderlik om te lees hoe glad Afrikaans in hierdie mediese veld beweeg. Dankie dat u dit so professioneel en korrek gebruik en feite rondom hierdie siektetoestand vir Afrikaanssprekendes in hulle moedertaal toeganklik maak. Dit is 'n voorreg. Hierop antwoord Tereza Hough: Afrikaans lê ons baie na aan die hart- veral in 'n oorwegend Engelse omgewing!*

Ryk en Ria Fischer van Somerset-Wes rapporteer dat die firma **Barnard Jacobs Mellet** positief reageer het op 'n versoek dat hulle korrespondensie in Afrikaans wil ontvang. Hulle skryf: *Die onlangse brief aan hul privaat kliënte was dan vir die eerste keer ook in Afrikaans op die keersy. Net die bykomende koste van die ink en 'n skeppie bedagsaamheid!* Baie dankie aan Jan van Staden van Barnard Jacobs Mellet vir sy positiewe reaksie!

Afrikaans in Griekse Leefwêreld

deur Estelle du Toit

Afrikaans klink op waar mens dit glad nie sal verwag nie – op Ciprus, 'n oorwegend Griekssprekende eiland naby die Midde-Ooste.

Ons woon die laaste jaar en 'n half daar, tydelik, en is skoon onkant gevang deur die getalle besigheidsmense wat van plekke soos Bloemfontein, Oos-Londen en Alberton af kom, suiwer Afrikaans praat en boonop nog rugby speel of kyk ook!

Die rede daarvoor is dat derduisende Suid-Afrikaners van Cipriotiese herkoms die afgelope twee dekades terug is na hul klein eiland as gevolg van 'n kombinasie van faktore. Die eiland het in 2004 lid van die Europese Unie geword en die meeste Cipriote is deesdae welvarend, terwyl Griekssprekendes in Suid-Afrika wat klein besighede soos laatnagkafees en alle-ure-supermarkte bedryf het, so erg onder rooftogte en geweldsmisdade deurgeloopt het dat hulle eintlik nie 'n ander keuse gehad het as om op 'n veiliger plek te gaan woon nie.

Tel dus jou woorde voor jy hardop jou gedagtes op Afrikaans uitspreek in 'n straatkafée in Pafos - daar bestaan altyd 'n moontlikheid dat die meisie by die tafel langsaan jou goed volg! Trouens, dis hoe ons aan van ons beste vriende gekom het.

Goed driekwart van die Paphos Tigers-span het op skool in Suid-Afrika leer rugby speel. En as jy 'n slagter soek om vir jou vleis op te sny soos by die huis, vra jy eers of hy van Suid-Afrika af kom. Ocean Basket het reeds twee restaurante, een in Pafos en die ander in Limassol, en gaan nog drie takke op die eiland open, met soveel Suid-Afrikaners aan die stuur van sake dat jy kan kies of jy op Grieks, Engels of Afrikaans bedien wil word. Daar is selfs 'n groot supermarkgroep met die Suid-Afrikaanse vlag op hul deure, wat alles van stywepap tot biltong en rooibostee invoer vir die onversadigbare verlange van gewese Suid-Afrikaners na die dinge van die huis.

(Estelle woon en werk vir lang tye op Ciprus en skryf vir 'n Griekse dagblad. Dankie Estelle, laat kom nog van hierdie soort interessante nuus. –AdeS)

Meertalige Monument

Ek weet die VVA is nie 'n geskiedenisvereniging nie, maar ek sal graag ons ervaring met die lesers wil deel na aanleiding van die heroprigting van 'n Anglo-Boereoorlogmonument en die taal-dilemmas wat ons moes aanspreek.

Die nagaanval op die Boere-Howitzerstelling op Surprise Hill deur die Rifle Brigade het op 11 November 1899 ten suide van Ladysmith, Natal plaasgevind. 'n Monument is later aan die voet van Surprise Hill vir die gesneuwelde Britse soldate opgerig, maar is ongelukkig 'n klompie jare gelede totaal deur skattejagters verwoes. My vriend Jan Human en ek het besluit om die monument te herbou en het gelukkig fondse uit verskeie oorde ontvang.

Die kopkrap het toe in alle erns begin. Daar is vir maandelank geskaaf aan die presiese bewoording wat op die nuwe monument moes verskyn. Vier burgers van die Pretoria-kommando het in dieselfde aanval gesneuwel.

Ons sentiment was dat ons nou na 110 jaar, verby versoening moet wees en nou by herdenking is - herdenking van al die gesneuweldes in die nagaanval: dus twee gedenkplate, een monument. Moenie glo nie, ons het dadelik weerstand ondervind, nie net van die hedendaagse Britse Regiment waarin die Rifle

Brigade opgeneem is nie, maar ook van 'boerekant'. Die uiteinde was 'n aparte nuwe burgergedenkteken naasliggend tot die Rifle Brigade Monument.

Hierdie stand van sake het vir ons die geleentheid gegee om die boere naam vir Surprise Hill - *Vaalkop* - op die gedenkplaat te verewig. Boonop het ons veeltaligheid verder gevoer en seker gemaak dat die **isiZulu** - naam vir Vaalkop - *Mdaka* - ook in die program en die publikasie rakende die nagaanval verskyn.

Die gedenkplaat vir die Britse gevallenes is in Engels gehou sodat dit toeganklik vir die hedendaagse Britse Regiment sou bly en die burgergedenkplaat in **Afrikaans**. Daar was egter 'n interessante wending. Ons navorsing het aan die lig gebring dat Harry Spanier, die eerste burger van Joodse afkoms was wat aan boerekant tydens die nagaanval gesneuwel het. In samewerking met die Joodse Raad van Verteenwoordigers is 'n ekstra gedenkplaat in **Hebreeus** op die burgergedenkteken aangebring.

Die inwyding, presies 110 jaar na die nagaanval, was 'n aangrypende seremonie: 'n erewag bestaande uit hoofsaaklik swart soldate van 5 - Infanteriebataljon het deelgeneem. Die verrigtinge is hoofsaaklik in **Engels** waargeneem om dit toeganklik vir al die besoekers te maak. En Rabbi Silbarhaft het die aangrypende Joodse Herinneringsgebed – die *Hazkara* - in Hebreeus gebid.

Ons vertrou dat ons keuse van taal bygedra het tot die brûe wat ons met die herdenking van die stukkie geskiedenis wou bou en dat Afrikaans sy plek met trots volgestaan het.

Asseblief en dankie

deur Hennie van Deventer

"Cote Atlantique", "Cabane dans l'orage", "Epis d'eau" en "Chanson du vent" sing die Franse sangeres Myra Maud deesdae in vele Afrikaanse voorhuise. Dan swel Afrikaanse harte van trots oor hoe mooi "Blouberg se strand", "Huisie by die see", "Waterblommetjies" en Sonja Herholdt se immergroen "Ek verlang na jou" in Frans klink.

Mag dié trots op Afri-Frans ons aansteek om Afrikaans te troetel soos die taaltrotse Franse Frans troetel.

As 'n klein begin: kom ons hou op om oral en altyd vir anderstaliges "please" en "thank you" te sê. Ons krap daardie woorde uit ons woordeskat. Ons sê net "asseblief" en "dankie", soos die Franse "s'il vous plaiz" en "merci" sê.

Diegene wat nie weet wat daardie woorde beteken nie, sal gou agterkom. Dit het 'n vinnige eksperiment by 'n winkelsentrum my geleer toe 'n Suid-Afrikaanse parkeerwag my "dankie" vir sy Zimbabwiese kollega vertaal.

Toe hy snap, is ek met 'n breë, hartlike glimlag beloon.

TAKNUUS

VVA Kleinmond

“Kom luister na ons jong begaafdes”, was die tema van die aandfunksie op 12 Augustus om Afrikaansweek te vier. Leerders van Kleinmond Laerskool wat onlangs in die Eisteddfod puik presteer het, het opgetree. Gedigte is voorgedra wat almal baie geniet het, terwyl musiekleerlinge met sang, blokfluit en klavier die program voortgesit het. Die Allegro Sanggroep het vir die volwassekomponent gesorg. Samesang van Afrikaanse liedere het soos vorige jare groot byval gevind en daar is afgesluit met “Die lied van jong Suid-Afrika”. Daarna is ‘n verskeidenheid soorte sop en broodjies geniet en is daar lekker saam gekuier. Baie waardering en positiewe kommentaar is oor die aand ontvang.

Verder was die verkoop van Afrikaanse boeke teen afslagprys deur Kleinmond Boekhandel gedurende die taalweek ‘n groot sukses. Op Kleinmond was dit dus “Koop-‘n-Afrikaanse-boek-week” en nie net “Koop-‘n-Afrikaanse-boek-dag” nie. Ons maak weer so! (*Magriet Gresse, Voorsitter VVA Kleinmond*)

VVA Helderberg

Op 22 September kuier die VVA in die NG Kerkzaal Strand Noord om 10:00 saam met die bekende skrywer, Riana Scheepers. Hierdie tak het ook gereël dat die VVA se historiese dagboek, *Dae uit ons geskiedenis* op 23 September by Bargain Books bekendgestel word tussen 14:00 en 15:00. Maak gerus ‘n draai daar.

Hierdie tak bied ook op 19 November die Vriende van Afrikaans (nasionaal) se laaste Ledevergadering van 2010 in die Strand Noordkerkzaal aan om 09:30. Die vergadering word oudergewoonte afgesluit met snoek en vars brood. Almal is hartlik welkom, moet ons net vóór of op 13 November laat weet indien julle wil kom, want ons moet weet hoeveel snoeke ons moet vang. (*Francois Fouché: Voorsitter VVA Kleinmond*)

(Ons Ledevergaderings en Algemene Jaarvergadering word gewoonlik op Stellenbosch gehou. Baie dankie dat die Helderbergtak ons hierdie keer uitgenooi het om die vergadering in hulle midde te hou. Ons het

groot waardering vir die moeite. –AdeS en die Spitsraad.)

VVA Soweto

Victor Khambule laat weet dat hierdie tak steeds weekliks vergader. Victor gebruik die Bybel om mense Afrikaans te leer.

VVA Jeffreysbaai

Vriende van Afrikaans het die jaar afgeskop met hul gebruiklike vrugtefees. Kalie Kriel en Nantes Kelder van AfriForum het opgetree as gassprekers. Hulle het die werksaamhede van AfriForum bekendgestel en vrae van die gehoor beantwoord. Die byeenkoms is baie goed bygewoon en Vriende van Afrikaans en AfriForum het ‘n hele aantal nuwe lede bygekry.

Op 22 Mei het ons KLEUTERKAPPERJOLLE aangebied. Agt kleuterskole het aan die byeenkoms deelgeneem. Die kleuters het die gehoor vermaak met aksieliedjies, voordragte en sangitems. Pappas en mammas, oupas en oumas, vriende en familie het die manewales van die kleingoed gate uit geniet. Soms was dit maar deurmekaar en van die noot af, maar vir enige trotse ouer en grootouer is die grootste “flop” van hul kleingoed altyd ‘n reusesukses. Meer as 200 mense het die geleentheid bygewoon.

Ons het vooraf belowe dat ons uit die opbrengs van die oggend, opvoedkundige leer materiaal aan elke skooltjie sal skenk. Ons kon aan elke skool geskenke ter waarde van R450 oorhandig. Vriende van Afrikaans het ook baie goeie kommentaar vanuit die algemene publiek ontvang vir die projek.

Op 13 Augustus het ons taaldag gevier. Die program het bestaan samesang, ‘n voorlesing deur Madelief van Aarde uit ‘n boek wat deur een van die inwoners van Jeffreysbaai geskryf is, ‘n skitterende voordrag deur ‘n leerling aan Hoërskool Nico Malan, Mieke Potgieter, wat die redenaars-kompetisie gewen het. Haar onderwerp was “Viva Suid-Afrika” en sy het haar gehoor werklik oortuig van haar standpunt. Nita Potgieter het ‘n paar sangsolo's gelewer terwyl Ds Attie Beetge ‘n baie interessante praatjie oor spreukwoorde uit die Bybel gelewer het. Dr Gert Coetzee het gepraat oor die oorsprong van Afrikaans. Die toehoorders het sy aanbieding baie leersaam en interessant gevind. Na die tyd het ons volgens goeie boerewintertradisie heerlike sop en toebroodjies geniet.

TAKNUUS

vervolg

Vriende van Afrikaans het 'n spesiale boekprys van R300 aan Mieke Potgieter geskenk. Aan Hoërskool Nico Malan is boekpryse ter waarde van R1000 geskenk. Die boeke sal tydens hul jaarlikse prysuitdeling aan die top presteerders in Afrikaans eerste en tweede taal in grade 11 en 12 oor-handig word. Verdere het ons ook 'n bedrag van R500 aan elk van die Laerskole Pellsrus, Jeffreysbaai en Stulting op Humansdorp geskenk. Hulle kan Afrikaanse boeke vir hulle biblioteke vir die bedrag aankoop.

Die werksaamhede van die jaar gaan op 22 Oktober met 'n aansit ete afgesluit word.

Hoewel die ledetal die laaste paar jare afgeneem het, is daar nog 'n sterk kern van Afrikaners wat met die werk voortgaan. Ons is net bekommerd dat die gemiddelde ouderdom van ons lede onrusbarend toeneem. Dit bly maar 'n gespook om die jonger Afrikaners betrokke te kry. Kleuter-kapperjolle kan dalk bydra om ons jonger mense na ons te lok. Ons doen egter alles in ons vermoë om die voortbestaan van ons taal te verseker. (Frikkie Sutherland: Voorsitter VVA Jeffreysbaai; 042 293 1587/082 730 1309)

Helpende Hand stel bevindings van jongste navorsing bekend

Skokkende nuwe navorsing oor die nood in behoeftige Afrikaanse kleuterskole regoor Suid-Afrika word bekend gestel. Helpende Hand waarsku dat die gebrek aan staatsubsidies vir minderbevoorregte kleuterskole duisende kleuters van kleuterskoolopleiding ontnem. Die navorsing toon dat milieugestremde kleuters in plakkerskampe dikwels vroeg reeds uit die skoolsisteem sak omdat hulle in graad 1 nie skoolgereed is nie weens 'n gebrek aan opleiding. Moenie die bekendstelling van hierdie skokkende statistiek misloop nie.

Wil jy betrokke raak by 'n behoeftige kleuterskool in jou omgewing?
Stuur 'n e-pos na lindie@helpendehand.co.za.

Onthou asseblief: ons laaste Ledevergadering van 2010 vind hierdie jaar plaas in die NG Kerksaal Strand Noord om 09:30 op 19 November. Laat weet ons voor of op 13 November by 021 808 3745 indien jy wil kom.

Voortydige Begrafnis

(Die debat oor die sterfdag van Afrikaans het op Stellenbosch begin en is landswyd gevoer. Volgens sommige klop die dood aan die deur.

Ek glo dit nie. Afrikaans sal nie so gou en so maklik sterf nie. Afrikaans het sy kinderskoene in die Bo-Kaap, Paarl en Wellington aangetrek, en vanuit Wellington wil ek graag 'n bietjie hoop gee. Dirk Hattingh)

die profeet het langs die eesterivier
gepeins
hy't hartseer die toekoms in gekyk
die dood het ons ingehaal, klop al harder
aan die deur
grafgrawers het uit vrye wil van oral oor
gekrom
die begrafnisbrief geskryf, die aftel het
begin
die draers aangewys, die slippedraers in
rangorde opgestel
een ding bly nog oor, die doodswa moet
nog kom
die profeet kyk ver die toekoms in
...afrikaans is dood
die begrafnisgangers, vergeefs gewag,
omgedraai, daar is geen dood
maar hoor net daar, stef bos se stem uit
die ou taalwieg
en kerkorrel met nog 'n hartseerlied ...
afrikaans lewe
die grafgrawers het verleë bly staan, die
grawe vasgesteek.
hoor hoe afrikaans met helder stem dit
self kom sê:
my sterfdag was te vroeg bepaal, ek is
nog hier, ek lewe ...
vasberade om die eeue hier af te tel, ...
julle mag maar
dink en speel, dig en liefhê in julle eie taal
in die tye vorentoe sal ek groei en sterk
bly staan

Dirk Hattingh 27.03.2010

Vespers van Rachmaninof *– in Afrikaans!*

Hierdie groot projek van die VVA het ons verwagtinge oortref. Nie alleen het mev H el ne Dippenaar van Welgemoed uit alle oorde groot lof gekry vir haar uitmuntende vertaling nie, maar boonop was die openingsaand op 14 Augustus in die Moederkerk op Stellenbosch 'n reusesukses. Ek wens ons kon al ons lede hier gehad het. Die Pro Cantu- en Kaapstadse Stadskoor het hierdie uitdagende werk voortreflik uitgevoer voor 'n stampvol kerk van ongeveer 600 mense.

Op 21 en 22 Augustus kon mense in Kaapstad die uitvoerings bywoon in die Bishops Seunskool se kapel en ook die Centre for the Book. Verdere uitvoerings is gegee in die Voortrekkermonument (26 September), Welgemoed (11 September) en in die Paarl (2 Oktober).

Hopelik is dit nie waar die projek eindig nie. Daar is 'n CD oppad, 'n bladmusiekboek van die volledige werk in Afrikaans en enige uitvoering waarheen die publiek die koor wil nooi. Kontak

gerus die koorbestuurder, Otto Bester by 079 894 5393.

Hierdie vertaling lewer 'n groot bydrae tot goeie gewyde musiek in Afrikaans. Moedig kore aan om dit te sing. Die hele werk hoef nie aangepak te word nie – daar is 15 aand- en oggendgesange om uit te kies. Boonop kan dit gratis afgelaai word van ons webwerf. Die skrifgedeeltes wat Nic de Jager voorgelees het, sal ook op ons webwerf beskikbaar wees. (-AdeS)

Wie het die Vespers so wonderlik vertaal?

Ek het op 5-jarige ouderdom met klavierlesse begin en op laerskool ook met sanglesse. Daar was elke jaar musiekeksamens om af te lê en ook deelname aan die Afrikaanse en Engelse Eisteddfods. Ek het by Jan van Riebeeck gematrikuleer met musiek as vak (ook Latyn) en daarna by die Universiteit van Kaapstad musiek studeer met klavier, sang en orrel as praktiese vakke. Deur my sangstudie het ek nader kennis gemaak met Duits, Frans en Italiaans. (Opera sorg natuurlik daarvoor dat 'n mens in 'n verskeidenheid van tale kan liefh  en doodgaan!) Ek was altyd lief vir tale en het deur selfstudie meer van Duits en Grieks geleer.

Na my opleiding het ek by verskeie skole in die Kaap en ook in Port Elizabeth musiek onderrig. Ek was ook orrelis in Port Elizabeth, Klerksdorp en Bellville. In Klerksdorp en Bellville was ek lid van die Stadskore en tans rig ek die Parow Seniorskool af. Vir al die kore waarby ek deur die jare betrokke was, het ek gereeld vertalings gedoen. Verskeie skoolkore het my ook dikwels genader vir vertalings van koorstukke vir gebruik by die jaarlikse koorkompetisies van die ATKV.

Wat die vertaling van die Vespers betref: Dit was 'n geweldige uitdaging, maar die kombinasie van pragtige musiek en diep geestelike teks was vir my onweerstaanbaar - hoewel ek soms ernstig moes bid oor moeilike passasies waar Russies en Afrikaans nie altyd sulke goeie maats was nie!

Dit was vir my 'n besondere belewenis om op 14 Augustus die baie geslaagde uitvoering deur die Pro Cantu- en Kaapstadse Kamerkoor in die ou Moederkerk by te woon. Ek vertrou dat dit ook nog verder 'n bydrae sal lewer tot die bevordering van Afrikaans sowel as goeie gewyde musiek.

H el ne Dippenaar (Welgemoed, Bellville).

Vriende van Afrikaans & Pro Cantu
Bied aan / Presents

Rachmaninof
Vespers
AFRIKAANS

11 Sept 2010 Welgemoed NG Kerk Auditorium 19h30
2 Okt/Oct 2010 Strooidakkerk Paarl 19h30

Kaartjies beskikbaar by die deur teen R80 / Tickets available at the door R80
Vir meer inligting kontak / For further information contact OTTO 0798945393

NALN: SKRYWER ENA MURRAY RIG UITDAGING AAN ALLE AFRIKAANSE LETTERKUNDIGES EN NAVORSERS

(Persverklaring deur genl Gert Opperman, HUB van die Voortrekkermonument en Erfenisstigting, Pretoria, 24 Augustus 2010):

Die bekende Afrikaanse skrywer van meer as 130 romans, speur-, avontuur- en geestelike boeke, Ena Murray, het onlangs 'n direkte uitdaging aan alle ander skrywers en ander letterkundige belanghebbendes gerig om, soos sy, 'n finansiële bydrae ter ondersteuning van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein te doen. Sy het summier die woord by die daad gevoeg en 'n bedrag van R10 000,00 in die rekening van die Erfenisstigting, vir aanwending te NALN, inbetaal.

NALN gaan die afgelope aantal jare agv verskeie faktore deur baie diep waters. Dit het 'n baie negatiewe effek op die eens trotse instelling gehad, soveel só dat dit nodig was om vroeër vanjaar 'n reddingsplan onder leiding van die Erfenisstigting te NALN te loods. Daar word voorts met die betrokke owerhede onderhandel om NALN onder provinsiale beheer uit te neem en dit op nasionale vlak te plaas en te befonds.

Die Erfenisstigting was die outeurs van die reddingsplan en het 'n bedrag van R3 miljoen vir die implementering daarvan vanuit die privaatsektor ingesamel. Daarbenewens is die Erfenisstigting deur die Vrystaatse owerhede as diensverskaffer aangestel, om ook die implementering van die reddingsplan te hanteer.

Daar is reeds ver gevorderd wat dit betref en die situasie te NALN het sedert begin Mei 2010 amper onherkenbaar verbeter. 'n Groot skoonmaak- en uitsortingsaksie is geloods, daar is ontslae geraak van oortollige en ondiensbare meubels en –toerusting, ultravioletbeskerming is voor alle eksterne vensters aangebring, NALN se hele IT-opset is vernuwe en opgegradeer en daar is reeds heelwat nuwe staalrakke geïnstalleer, terwyl nog meer daarvan op bestelling is.

Daar sal ook binnekort oorgegaan word tot die aanstelling van 'n aantal deeltydse vakkundiges om te help met die uitpak, aanwinst en ontsluiting van talle bronne, waarvan baie die afgelope paar jaar in kartondose geberg moes word terwyl die NALN-gebou gerestoureer is.

Daar sal ook binnekort oorgegaan word tot die

heraktivering van die Vriende van NALN, wat nou reeds vir 'n hele aantal jare onaktief geword het. Ena Murray se mildelike bydrae is reeds met die oog hierop gedoen, omdat sy baie sterk voel oor die beginsel dat almal wie se werke reeds of moontlik vorentoe baat kan vind by die opgegradeerde fasiliteite van NALN, ook daadwerklik daarby betrokke moet raak. Dit sluit natuurlik ook navorsers is, wat voortaan die voordeel sal hê van baie makliker en vinniger toegang en beter diens.

NALN is 'n omvattende Afrikaanse letterkundige museum en navorsing-sentrum. Dit maak derhalwe nie net voorsiening vir prosa en poësie nie, maar ook vir musiek en drama en ander verwante kunsvorme regoor die hele letterkundige spektrum. Ena het egter nog verder gegaan en ook die uitgewers en drukkers van sulke werke uitgedaag om by haar aan te sluit en hul hand in die sak te steek.

Weldoeners kan skenkings in die rekening van die Erfenisstigting, vir aanwending te NALN, inbetaal by ABSA Brooklyn, takkode 632005, rekeningnommer 4056 209 535. Geliewe 'n afskrif van die inbetalingsbewys, met aanduiding dat dit vir NALN is, te faks aan 086 615 9587.

ATR Onderwyskonferensie

Van 26 – 28 Augustus 2101 is hierdie konferensie in die Kunstekaap gehou. Wat my sal bybly van die kongres is die wete dat die toekoms van Afrikaans lê in die hande van sy sprekers. Die nuutverkose direksie is versoek om uit 'n twintigtal resolusies 'n omvattende, visioenêre toekomsbeplanning vir Afrikaans te doen.

Die nuwe direksie lyk soos volg: prof Wannie Carstens (voors), dr Michael le Cordeur (ondervoors), prof Jacques van der Elst (HUB), dr Danny Titus, dr Gerrit Brand, dr Hendrik Theys, Amanda de Stadler, Karin Hauman, Anzil Kulsen, Waldy Kastoor, Hennie de Wet, dr Dione Prinsloo (sekretariaat), dr Karel Prinsloo, Ria Olivier, Christo van der Rheede, prof Pierre Theron en Alana Bailey. 'n Referatebundel word in die vooruitsig gestel vir dié van julle wat belanstel. Daar is ook tans 'n lewendige gesprek op Litnet te lees oor die kongres. (- AdeS)

Manne-reëlboek

Mans, anders as vrouens, is glo maklik om te verstaan. Vroulike geslag, volg net die onderstaande reëls, opgestel deur 'n man, getrou na om in 'n paradys op aarde te leef!

1. Mans kan nie gedagtes lees nie.
2. Sondagsport is soos die gang van die maan of die getye – dis hier om te bly. Los dit uit.
3. Trane word beskou as afpersing.
4. Vra reguit wat jy wil weet of wil hê. Laat dit baie duidelik wees: subtiele skimpe werk nie; minder subtiele skimpe werk ook nie. Sê dit reguit!
5. *Ja* of *Nee* is 'n 100%-aanvaarbare antwoord op ongeveer alle vrae.
6. Kom na ons toe met 'n probleem SLEGS as jy hulp wil hê om dit op te los. Dis wat ons doen. Simpatie is waarvoor jou vriendinne daar is.
7. Enigiets wat ons al 6 maande gelede gesê het, is nie toelaatbaar in 'n argument nie. Eintlik verval alle opmerkings van ons na 7 dae.
8. As jy dink jy is vet, is jy heel waarskynlik. Moenie vir ons vra nie.
9. As iets wat ons sê op twee maniere interpreteer kan word, en een van die maniere maak jou hartseer, dan bedoel ons die ander een.
10. Jy kan ons vra om iets te doen OF sê hoe jy dit gedoen wil hê. Nie albei nie. As jy weet hoe om dit te doen, doen dit self.
11. Indien moontlik, sê alles wat jy wil sê tydens die advertensies.
12. Jan van Riebeeck het nie padaanwysings nodig gehad nie. Ons ook nie.
13. As iets jeuk, word dit gekrap. Mans doen dit.
14. Alle mans sien net 16 kleure. Avokado is byvoorbeeld 'n vrug, nie 'n kleur nie. Perlemoen is seekos, nie 'n kleur nie. Ons het nie 'n idee wat "mauve" is nie.
15. As ons saam uitgaan, is absoluut enigiets wat jy aantrek, perfek.....regtig.
16. Jy hét genoeg klere.
17. Jy hét te veel skoene.

Dankie dat jy hierdie wenke lees. Ja, ek weet ek slaap op die rusbank vannag, maar weet jy wat? Mans gee nie regtig om nie. Dis soos uitkamp.

(Oorsprong onbekend –AdeS)

Opvoedkundewoordeboek

Prof AJ Smit is die hoofredakteur van die Opvoedkundewoordeboek in ses dele: Dele 1-3 Afrikaans-Engels en volumes 4-6 English-Afrikaans. Die verskillende dele is deur prof Smit self uitgegee en het verskyn vanaf 2007 - 2009. Die ATKV het die 2008-uitgawe as die beste woordeboek wat in daardie jaar in Suid-Afrika uitgegee is, bekroon met 'n toekenning en 'n trofee aan die Hoofredakteur.

Die behoefte aan so 'n woordeboek het ontstaan toe prof Smit in die sewentigerjare gemoeid was met die redigering en vertaling van dokumente van die (destydse) Transvaalse Onderwysdepartement. Daar is oor 'n tydperk van 39 jaar lank navorsing gedoen vir hierdie Opvoedkunde-woordeboek. Gedurende hierdie tydperk is van tyd tot tyd geldelike bydraes van instansies ontvang, soos Unisa en die voormalige PU vir CHO, asook die Het Jan Marais Nasionale Fonds.

Enige belangstellende of instansie kan verdere eksemplare op aanvraag koop. Kontak gerus vir Prof Smit by 076 852 9492 of Posbus 4355, MODIMOLLE 0510

Dankie RSG

RSG is een van net twee radiostasies waarvan die luistersyfer gestyg het gedurende die 2010 Wêreldbeker Sokker.....wat beteken hulle luisteraars het die sokkeruitsendings en al die ander interessante programme oor sokkerverwante dinge geniet.

Dankie RSG vir die blootstelling wat julle aan kultuur- en gemeenskapsorganisasies gee. Julle is 'n wonderlike, waardevolle stem vir Afrikaanssprekendes, sonder grense. (-AdeS)

Vra Vriendelik vir Afrikaans

Vrye Afrikaanse Universiteit

(Ek gee vir julle my opsomming van 'n inspirerende toespraak -"Enkele Kernwaardes van die VAU" - gelewer deur dr Neville Alexander by by 'n VAU-vergadering gehou op 25 Aug 2010 by Huis der Nederlande in Pinelands – AdeS)

“Die VAU is onbeskaamd utopies en hardgebak idealisties. Dit is die sleutel tot sukses in enige nuwe onderneming.”

Die VAU moet gratis wees op voorgraadse vlak, dws daar moet geen middeletoets wees nie. Studente lewer 'n sinvolle teensprestasie in studiejare en daar sal 'n verpligte alumni bydrae wees wanneer die student eers in 'n beroep staan.

Die VAU moet outonoom wees met maatskaplike transformasie as vertrekpunt.

Die VAU is Afrikaans. Talking kan af en toe gebruik word. 'n Inheemse taal moet in alle studiejare verplig wees; kan as model dien vir ander tale in SA.

Die VAU is nie-rassig. Dit gaan oor Afrikaans in al sy variëteite.

Die VAU is Afrika-geïntereer. Koppel Afrikaans aan die intellektualisering van ander tale in SA en streef taaldiversiteit na as deel van ekologiese oorlewingstryd.

Die VAU is anti-seksities en bevorder die regte van vroue en gay-mense.

Die VAU is innoverend en kreatief. Moderne informasietegnologie moet ingespan word. Die kombinasie van kontak- en afstandonderrig moet die normale klasopset word.

Die VAU staan vir uitnemendheid in alle dissiplines op alle vlakke.

**“Afrikaans is 'n broodsaak
– NP van Wyk Louw”**

Vra Vriendelik vir Afrikaans

SKRYWERSDAG OP 14 AUGUSTUS IN BLOEMFONTEIN

Mev René Lombard van Dames Perspektief het ons laat weet van 'n baie geslaagde skrywersoggend wat hulle saam met NALN aangebied het op Taaldag, 14 Augustus. Tagtig gaste het die oggend saam met die skrywer, Etienne van Heerden en sy vrou bygewoon. Mev Liana Lategan, hoofvakkundige amptenaar van NALN het die baie interessante gesprek met Van Heerden gelei. (Sien www.volksblad.com vir 'n berig wat op 16 Aug. hieroor verskyn het.)

In die gesprek meld Van Heerden dat hy as jong skrywer die “alternatiewe geskiedenis, dit wat in ons skoolhandboeke verswyg is, probeer weergee”. Nou is dit tyd dat skrywers “die alternatiewe geskiedenis van Suid-Afrika, die Afrikaanssprekende en Afrikaner moet weergee. Ons moet die stories van waar ons kom, vertel. Elke gesin, elke verhouding het 'n storie wat vertel moet word”. (-AdeS)

Borg 'n storieboek vir net R2,70

Maak 10 kinders se harte bly met R27.

Vir elke R2,70 wat jy kan afstaan, kan 'n kind sy eie leesboekie in die hand kry.

Die Vriende van Afrikaans het besluit om deel te neem aan die Helpende Hand se Skooltassie-projek deur R10 000 te skenk uit ons boekefonds. Hiermee kan die VVA 3 700 boekies (*Storietyd* uitgegee deur die *Sunday Times*) koop.

Helpende Hand beplan om ongeveer 6000 skooltassies uit te deel aan volgende jaar se graad-eentjies. Ná ons skenking kort hulle dus 2 300 boekies vir die skooltassies. Net 230 mense moet elk R27 gee of 2300 mense moet elk R2,70 gee om hierdie ideaal te bereik.

Komaan Afrikaanssprekendes, kontak die Vriende van Afrikaans as jy wil help dat elke skooltassie wat die Helpende Hand uitdeel, 'n storieboekie ook gaan inhê. Samel 'n bedraggie in onder jou vriende of in jou gesin om dit die moeite werd te maak. (-AdeS)

Stories en staaltjies

Chris Ackerman het flink reageer op Nolte Smit se oproep om stories en staaltjies vir ons aan te stuur. Ons plaas 'n paar vir julle om te lees en hoop ander lesers volg Chris se voorbeeld:

KERKSAKE

“Bid ’n bietjie harder asseblief”

Die ou gebruik van predikante om sonder waarskuwing 'n kerkraadslid te vra om in die konsistorie met gebed voor te gaan, het dikwels mense in 'n verleentheid gehad. Dié betrokke diaken was ook nie gemaklik met die onverwagse opdrag nie, en het maar redelik binnensmonds 'n gebed geprewel. Met die uitstap uit die konsistorie sê 'n mede-broer vir hom: “Weet jy, ek het niks gehoor wat jy gesê het nie”. Sy antwoord: “Dit maak nie saak nie. Ek het nie met jou gepraat nie.”

Kerklike taal wat kinders verkeerd verstaan:

Tydens my studentejare op Maties het wyle prof. Louis Eksteen van die Departement Afrikaans by Tukkie's 'n geleentheidslesing by ons gelewer, en toe vertel van die dogtertjie (ek meen dit was sy sussie) wat die woorde “...vra my siel verbaas, eerbiedig...” verstaan het as “...vra Meisie vir baas, eerbiedig...” Dus: 'n werknemer wat met eerbied vir haar baas iets vra. 'n Vriendin van Kirkwood het vertel van die dogtertjie wat die Geloofsbelydeniswoorde “...gebore uit die maagd Maria” verstaan het as “...gebore uit die maag van Maria”.

POLITIEK

Hoe spreek jy “bos” uit?

In die tyd van min. Paul Sauer se aktiewe politieke loopbaan was daar glo 'n SAP-opposisionelid, ene Bosman, wat graag in die Parlement vir Engels in die bres getree het. So het hy op 'n dag ernstig daarvoor betoog dat “Stellenbosch” eintlik as “Stellen**u**sh” uitgespreek behoort te word. Oom Paul, wat glo dikwels tydens debatte gelyk het of hy sit en slaap, laat hoor toe: “Maar dan is jou van mos Bushman!” Nou ja, mnr. Bosman (of Bushman?)

het daar en dan die stryd gewonne gegee.

Wie gaan my beskerm?

Dit was gedurende die tyd dat die oorheersende debat binnelands gegaan het oor die vraag of Suid-Afrika 'n lid van die Britse Statebond moet bly of 'n onafhanklike republiek moet word. Gedurende 'n openbare vergadering het 'n man van beskeie liggaamsbou hom sterk teen onafhanklikheid uitgespreek, en met heelwat emosie gevra wie vir ons internasionaal gaan beskerm as ons ons van Engeland losmaak. 'n Dame (van nie-beskeie liggaamsbou) klap hom toe van agter af op die skouer: “Toemaar boetie, ek sal jou beskerm!”

Laerskool Stellenbosch hou 'n redenaarsfees

Op 16 September het 22 redenaars (Graad 4 tot 7) deelgeneem aan 'n redenaarsfees aangebied deur Laerskool Stellenbosch en geborg deur die VVA. Mens is altyd verstom om te hoor hoe knap sulke jong leerders hulle woord kan doen. Skep gerus op jou dorp die geleentheid vir jongmense om in die openbaar op te tree. “Kinderen leren dat je met taal veel méér kunt doen dan oefenen in grammatica en spelling” (Onze Taal 6, 2010, p. 173) (-AdeS)

Taaltoffies

Toets jou spelvermoë

- 1.a.parallele
- 1.b.paralelle
- 2.a.oumas
- 2.b.ouma's

Waarvoor staan die volgende afkorting?

- Pk.
- Mee.

Gee die Afrikaans vir:

GPS (Global Positioning System)

(Antwoorde op agterblad)

Eugène Marais Kampus in die Paarl

Eugène N. Marais, geliefde digter, skrywer, joernalis en natuurnavorser, het 'n lang en ryke verbintenis met die Paarl, en spesifiek die *First Class Public School*, waar hy formele onderwys van 1885 tot 1887 tydens sy vormingsjare ontvang het.

Die konteks

Die First Class Public School is die voorloper van vandag se Hoër Jongenskool Paarl. Dit het goed behoue gebly op die oorspronklike Zomerlust-plaas wat in 1991 deur Creata Beleggings (Edms) Bpk namens die Du Toit Familie Trust gekoop is. Die eiendom bestaan uit die ou Zomerlust-herhuis wat tans as Zomerlust Gastehuis bedryf word, die tuine en die Rosenfontein-geboue – die skool en 'n skakelhuis. Laasgenoemde geboue is vanaf 1876 tot 1900 as Paarl First Class Public School benut as skool en akkommodasie vir 'n onderwyser en koshuisgangers. Die skool het in 1900 na sy nuwe perseel oorgetrek as Hoër Jongenskool Paarl / Paarl Boys' High.

Die Eugène Marais Kampus konsep

Die Eugène Marais Stigting se doel is om die lewe en werk van Eugène Marais en die bydraes van sy tyd meer toeganklik te maak. Dit verwys na die behoud en bevordering van sy literêre en natuurwetenskaplike nalatenskap vir soveel mense as moontlik op en vanaf die terrein van die Paarl First Class Public School (Eugène Marais Kampus) waar hy van 1885 tot 1887 skoolgegaan het.

Die Eugène Marais Stigting het 'n askiekomitee op die been gebring met die doel om die *First Class Public School* weer te laat herleef in die vorm van die Eugène Marais Kampus. Dit sal geskied met volle onderskrywing van Creata Beleggings, die huidige eienaars, asook Die Hoër Jongenskool Paarl. Die idee is dat die perseel gebruik word om die HJS se kurrikulum aan te vul en te verryk met Marais-raakpunte soos taalwetenskappe, natuurwetenskappe, musiek en drama, debatsvereniging en joernalistiek. Die perseel kan gebruik word vir lesings, voorlesings, musiekopvoerings, storievertellings ens. Dit sal dus 'n satellietkampus van die HJS word.

Dit sal oop wees vir die publiek as 'n interaktiewe museum en via die temas van die Marais-nalatenskap, ook programme vir volwassenes aanbied. Die huidige projekfase betrek so 'n wyd

as moontlike e-posopname, waarby die betrokkenheid van belangstellende individue en instansies vasgestel moet word. Die beoogde teikendatum vir die verwerking van die resultate is einde September 2010.

Hierby vind u 'n interaktiewe opnamevorm vir gebruik by <http://www.eugene-marais.org.za/>

Niël du Toit Tel.: 0027-21-8724634 of e-pos: creata@iafrica.com

Loopbaangids

Danie Langner, Uitvoerende Direkteur van Solidariteit Helpende Hand laat weet:

Ons eerste omvattende loopbaangids wat fokus op **skaars en kritieke vaardighede** in die Suid-Afrikaanse werkplek is pas deur die Afrikaanse Beroepsleidingsdiens vrygestel. Die Helpende Hand Loopbaangids, wat spesifiek vir hoërskoolleerlinge saamgestel is, sal jongmense help om **ingeligte loopbaankeuses** te maak en hulle terselfdertyd aanmoedig om meer soos **entrepreneurs** te dink.

In die gids word leerlinge deur middel van praktiese riglyne gehelp om die regte beroepskeuses te maak, sodat hulle op die regte studierigting kan besluit. Verder wys die gids hulle waar **vaardigheidstekorte** in die arbeidsmark is, sodat jongmense ná afloop van hulle studies verseker van werk en 'n loopbaan in Suid-Afrika kan wees. Afrikaanse jongmense moet met 'n **roepingsbewustheid** hulle plek in ons land volstaan, elke uitdaging in 'n geleentheid omsit en opgewonde uitsien na die wêreld van werk.

Die gids dek 'n verskeidenheid onderwerpe wat relevant is vir leerlinge en selfs werkende jongmense. Verskeie kundiges, soos mnr. Flip Buys, dr. Dirk Hermann, dr. Steve Booysen en prof. Louis Jacobs, deel hulle kennis en gee jongmense wyse raad oor hoe om 'n sukses van hulle lewe in Suid-Afrika te maak, ten spyte van die huidige politieke klimaat.

Die loopbaangidse gaan versprei word na Afrikaanse skole **landswyd**. Skole wat belangstel om gidse te ontvang, kan **aansoek** doen by Helpende Hand se Afrikaanse Beroepsleidingsdienste. Kontak vir Karin Venter by karin@helpendehand.co.za.

A nee a, Minki!

Marianne Strydom ('n taalpraktisyn) skryf:

Ek wil julle graag wys op die **honderde** wonderlike kinderverhale en teaterproduksies in Afrikaans wat deur Anna van der Vyver van Anna Emm Productions die afgelope klompie jare geskep en op CD versprei is.

(www.annaemm.co.za)

Ek kyk gisteraand na *Pasella*, en daar praat Minki van der Westhuizen oor hoe min oorspronklike Afrikaanse kinderstories daar is. Ek het dit dadelik met haar ook reggestel.

Besoek gerus Anna se webtuiste en/of haar kantoor in Platteklouf Glen. Julle sal verstom wees. Daar is duisende ma's in hierdie land en oorsee wie se kinders reeds die genot van hierdie stories ervaar. Ook skole wat van die stories oor lewensvaardighede en die Bybelstories in hul klasse gebruik maak. (Dankie vir die inligting – handige nuus vir die kinders se kerskouse. –AdeS)

Taaltoffie-antwoorde

A. Toets jou spelvermoë

parallele

oumas

B. Waarvoor staan die volgende afkorting

Poskantoor

dames

C. Gee die Afrikaans

Padvinder

BAIE DANKIE!

'n Spesiale dankie aan almal wat so flink gereageer het op ons versoek om hul jaarlikse bydraes aan ons te stuur. Die reaksie was oorweldigend. Ons kan maar net sê: "Julle is ware vriende van Afrikaans!"

KOOPDINGE in AFRIKAANS

Besit jy al 'n Dae uit ons Geskiedenis?

Dan weet jy byvoorbeeld wat alles op 6 September op moeder aarde gebeur het:

Dr HF Verwoerd is vermoor; die Slag van Gettysburg (1863) het begin; die negentienjarige Wilhelmina word as koningin van Nederland gekroon (1899); Theodore Roosevelt word die jongste president van die VSA (1901); die Eerste Wêreldoorlog (1924) begin en Koningin Elizabeth 11 open die Skotland se eerste parlement in 300 in 1999.

Nou kan jy sien waarom jy summier een van hierdie informatiewe boeke moet aanskaf wat by die VVA-kantoor te koop is of by al boekwinkels wat die moeite werd is. (-AdeS)

Die volgende items is by die kantoor te koop:

- 1 **CD: Ou Vriende** (Dubbelalbum) van Afrikaanse kunstenaars en kore (R100.00)
- 2 **Boek: Dae uit ons Geskiedenis** R230.00
- 3 **Voetslaankaart van Tafelberg:** R20.00
- 4 **Pieter van der Westhuizen Huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160.00
- 5 **DVD: Die Leeu van Wes-Transvaal - Generaal Koos de la Rey** ('n dokumentêr): R100.00 (R20.00 per bestelling moet ongelukkig gehê word vir posgeld en verpakking.)

Laat weet ons asseblief van enige adresveranderinge, en ook as u die nuusbrieff liewer per e-pos wil ontvang. As u sou wou, kan u Doendinge gerus dupliseer en verder versprei.